

# Uit die boks

deur

## Helene de Kock

**Dit gebeur toe ook met Hannes. Uit die bloute, nes met Joost en Fanie - hulle is ook pas vyftig. Die een dag is hulle nog op kantoor, die volgende dag gaan hulle permanent huis toe. Regstellende aksie.**

**"Wat is so danig rég daaraan?" wou Hannes by Sanet weet na Faan skielik tuis sit. "Faan is bevoeg, bekwaam en bewonderenswaardig. En nou gaan my ou vriend by die huis sit en as jy weer hoor, is hy dood. Sommer so. Sonder rede, nes die sogenaamde regstelling."**

**"Nou's jy morbied," het Sanet gesê, en hom bekommerd bekyk. "En jy praat so... so allitererend!"**

**"Nou klink jy nes 'n onderwyseres!" het hy vererg teruggekap.**

**Sanet het haar onderlip vasgebyt. Hy het geweet sy is besorg oor hom en oor die swaard wat ook oor húl kop hang. Maar haar kwelling het hom nog meer bedreigd laat voel.**

Sy het paaiend aan sy arm kom vat. "Ou Faan sal regkom. En jý's te bekwaam en bewonderenswaardig om reggestel te word."

Haar grappie was flou en op die ou einde was dit toe glad nie snaaks nie. Hannes word ook vriendelik aangesê om uit die Departement pad te gee. Hy gaan wel 'n goeie pakket ontvang - nou nie een waarvan sy gesin aanhoudend sou kon leef nie, want hy en Sanet is eenvoudig te jonk om tot in hul oudag net van die rente te leef, en die twee kinders gaan binnekort op mekaar se hakke universiteit toe. Hy sal moet uitspring - maar watter kant toe? Hy is 'n ekonoom, en basta. Iemand sal vir hom werk móét gee!

Hy spel dit netjies vir Sanet uit: 'n Belegging hou 'n bepaalde tyd. Dan begin dit sigself verteer.

Sy is verskrik: "Jy sal werk moet..."

"Genereer?" wil hy spottend weet. Die wêreld vibreer van gonswoorde soos dié. Mense is gou om raad te gee en oral duik daar frases op soos 'era van die entrepreneur', 'eie ou besigheidjie' en 'vasbyt, dink jouself hieruit'.

Hy kan later die spreekwoordelike mure uitklim.

"Wel," stel Sanet eendag floutjies voor, "dominee Fourie maak rekenaars reg vir 'n ekstrasjje en ek hoor advokaat Grundling se vrou het foto's op T-hemde begin druk toe hy -"

"Spaar my!" mor Hannes, en loop liefs na buite, en toe hy in die roostuin staan, besef hy daar is ook in sy huis nie vir hom 'n plek nie. Die eertydse studeerkamer het nou 'n naaldwerkplek vir Sanet geword en die kinders doen daar huiswerk. Die huis is propvol.

Hy het nêrens meer 'n plek nie. So voel dit.

**W**eke lank pla dié gevoel hom. Sodra hy soggens uit die slaapkamer loop, weet hy nie waarheen nou nie. Mens kan tog nie die heeldag televisie kyk nie. Die formele sitkamer is vir besoekers en hy was nog nooit tuis in die kombuis nie. Sy bejaarde buurman nooi hom om saam voëls te gaan kyk, maar die blote gedagte laat sy maag draai. Tussen al die gryskoppe met hul verkykers... Hy sal dit net doen as die drang om te vlug te sterk word!

Toe hy dit vir Sanet noem, staar sy hom eers stom aan en sê toe ferm: "My lief, jy moet hierdie ding alleen uitwoed. Ek verstaan hoe jy voel. Maar ek kan niks daaraan doen nie."

Sy en die twee kinders is op pad skool toe en hy bly die motor agterna kyk tot dit onder in die straat om die hoek verdwyn. Toe skakel hy vir Fanie. Dié is bly om van hom te hoor en begin beduie hoe hy en sy tienerseun nou ystermeubels sweis en verkoop. Gaan nogal goed. Hy kan al 'n nuwe yskas bekostig. Hannes groet en lui dankbaar af, bly dat hul eie yskas nog in 'n goeie toestand is en nog blyer dat hy nie aan die sweis hoef te spring nie, iets waarvan hy geen ondervinding het nie.

**V**erveeld drentel hy op 'n dag vir die soveelste keer deur die tuin, staan vir 'n ruk by die klimraam onder die groot ou boom met die swaai, hoor in sy verbeelding weer die kindergejil. Hand in die broeksakke slenter hy voort, kyk deur die venster van die stoorkamer en gaan haal die sleutel in die kombuis. Hy het hoeka al vergeet dat 'n dosyn of twee

kartonbokse van hul vorige trek nog daar gestoor word. Sewe jaar lank al! Hulle het van Vereeniging hierheen getrek en toe pas als nie in nie.

Wat sou tog in daardie bokse wees?

Dae lank spook die bokse by hom. Dit wek 'n wrewel wat hom laat skrik.

Hy háát bokse. Veral hierdie bokse waarop die vervoerbesigheid se naam, *Magic Movers*, gedruk is. Daar is níks betowerend daaraan om te trek nie. Dis aaklig. Jy en jou bestaan word in 'n boks geprop en op 'n vreemde plek afgelaai en dan moet jy en jou bestaan weer uit die boks en in 'n nuwe plek in. Dit neem soms jare om die voeë van 'n nuwe lewe lekker te vind. Altans, so is hý.

En dis waarom hy nou so swaarkry, skiet dit hom een oggend te binne toe hy lusteloos die knoppies van die afstandbeheertoestel van die TV sit en druk. Sommer net. Omdat hy nie weet wat anders om te doen nie. Omdat hy liewers íéts wil doen. Soos wat sy seun, Pietman, altyd sê: Pa, ek wil eendag 'n iets word. Ek wil nie net werk nie. Jy weet, 'n iets soos 'n dokter of 'n dominee of íéts.

Hannes sit regop.

Vir die eerste maal verstaan hy presies wat Pietman bedoel. Hy wil ook weer 'n íéts wees. 'n Ekonoom kan hy nie meer wees nie - dit raak al duideliker namate die vyf en veertig CV's wat hy na maatskappye uitgestuur het, een vir een sonder enige aanbod na hom terugkeer. Hy kyk rond in die stil huis. Sy mense is skool toe en die huishulp kom net Vrydae en Maandae. Hy kyk na die muurhorlosie. Dis kwart voor nege en dis 'n heerlike sonskyndag. Hy sug, vat die sleutels en stap uit.

Die buitekamer ruik muf toe hy die deur oopmaak. Hy stoot die deur wyer oop, dra 'n klomp bokse uit tot by die patio langs die swembad. Toe gaan sit hy eers 'n hoed op want die son begin hom eet. Hy maak die eerste boks oop en pak uit. Boeke en papiere. Hy maak twee hopies: een vir weggee en die ander vir weggooi.

Die volgende klomp bokse bevat mooi houtspeelgoed waarvan die fleur 'n bietjie af is. En twee houtswaai aan sterk toue. Hy het daarvan vergeet en 'n nuwe swaai gekoop toe hulle hier ingetrek het. Nog 'n boks bevat 'n paar mooi bont balle en speelgoedkarretjies en lappoppe. Ook Sanet het destyds speelgoed vir die kinders gaan koop toe dié vergete goed nie dadelik hul verskyning uit die bokse gemaak het nie.

Teen twaalfuur is hy honger. Maak vuur onder die patiorooster en braai wors. Genoeg vir wanneer Sanet en die kinders later terugkom. Hy skink 'n kelkie rooiwyn en verslind die wors asof hy 'n groot trek agter die rug het. Toe pak hy weer uit. Die hoop speelgoed word al groter. Hy kyk na die speelraam verder af in die erf en 'n onverhoedse verlange pak hom. Na wát weet hy nie mooi nie, maar daar is iets aan roer in sy diepste gedagtes.

Toe hulle terugkom, staar Sanet en die kinders verstom na die goed op die patio.

"Gaan Pappa dit verkoop?" wil Santie, sy jongste, vanjaar in graad elf, nuuskierig weet.

Ook Pietman, sy oudste en volgende jaar op universiteit, kyk belangstellend na hom.

Sanet staan roerloos.

Vermoed sy wat hier in sy binneste aan die gebeur is?

Hy haal diep asem. "Nee... ek wil iets daarmee doen."

"Wat?" vra die kinders tegelyk.

"Julle sal sien," sê hy sonder om self met sekerheid te weet. "Hier's gaar wors. Kom kry vir julle."

Toe hulle in die bed lê, sê Sanet sag: "Ek het nooit gedink..."

"Wat?" help hy toe haar woorde wegraak. "Nooit gedink dat ek uit die boks sal klim nie?"

Dit is lank stil, dan begin hulle lag. Eers sag en toe lag hulle so lekker dat die kinders kom inloer.

"Ons lag sommer oor julle Pa se blink planne!" sê Sanet.

"Ja, kyk... hier is mos baie speelgoed én 'n speelraam. En die buitekamer het 'n lekker groot venster enne... en ons buurt het nie 'n skooltjie nie." Hannes luister verbaas na sy eie gedagtes wat meteens uitborrel.

"'n Wát?" vra Pietman.

'n Helder beeld van die hele projek staan meteens voor Hannes se geestes oog. Hy het al dikwels gehoor dat die jonger mense in die buurt kla dat hulle so ver moet ry om hul peuters en kleuters na 'n dagskool te neem.

Maar sy kop stuit meteens. Hý... 'n dagmoeder? Hy sal in noodhulp opgelei moet word, enne... hy sal moet leer hoe om kleuters se talente en belangstellings te sprikkel en hy sal moet spéél...

"Ek ruil g'n doeke om nie!" sê hy.

"Jy hoef nie," sê Sanet. "Jy vat net die kleintjies wat al sonder doeke loop. Die tuin is groot, hier is baie speelplek en - "

"Goed, goed!" sê hy. En toe: "Pietman, ek gaan ook 'n iets word. 'n Dagvader is 'n goeie iets om te wees."

"Sowaar...?" grinnik sy oudste.

"Sowaar as wat ek sonder werk sit," sê Hannes. "Glo my... uit die boks kom daar goeie dinge, ook!"

-----



### Image Preview

**3088-168**

SuperStock

Photograph by Pollak,  
Tom



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

3088-168 © Pollak, Tom SuperStock. The Bigger Picture.



### Image Preview

**2075-548316**

SuperStock

Photograph by Sweet,  
Ozzie



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

2075-548316 © Sweet, Ozzie SuperStock. The Bigger Picture.





### Image Preview

**2027-w508**

SuperStock

Photograph by Cohen, E.



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

2027-w508 © Cohen, E. SuperStock. The Bigger Picture.



### Image Preview

1379-159

SuperStock

Photograph by Pashley,  
Lucianne



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

1379-159 © Pashley, Lucianne SuperStock. The Bigger Picture.



### Image Preview

**1315-650**

SuperStock  
Photograph by Smith,  
Philip & Karen



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

1315-650 © Smith, Philip & Karen SuperStock. The Bigger Picture.



### Image Preview

**1150-802**

SuperStock  
Photograph by The  
Copyright Group (Dentler)



**Add to lightbox**



**Add to cart**



**[Download image](#)**

1150-802 © The Copyright Group (Dentler) SuperStock. The Bigger Picture.



   **RM**

**460-316**  
**SuperStock**